**Teks : Jesaja 6: 1-13**

**Teksvers(e) : 3 & 8.**

**Psalms : PS. 48: 1, 4 & 5.**
**PS. 8, 3 & 4.**
**PS. 51: 1, 3 & 6.**
**PS. 105: 1, 4 & 6.**
**PS. 150: 1,2 & 3.**

---

## Tema : Die heilige God roep en bekwaam onheilige mense

Broers en susters, lewe jy volgens die opdrag waarmee die Here jou stuur? Verkondig jou dade die heiligheid van God? Kan jy op die roepstem van die Here antwoord “hier is ek , Here, stuur my”? Hoe kan God, jou as sondaar, gebruik om Sy opdrag uit te voer? Hy stuur ons, jou en my met ‘n opdrag, ‘n heilige opdrag in hierdie wêreld in, hoe gebroke die wêreld ook al is.

Jesaja tree op voor die ballingskap, nadat die Israelietiese volk in twee koninkryke verdeel is. Die twaalf stamme het soos volg verdeel, tien stamme in die noorde en die twee stamme in die Suide. Die Noordelike ryk het voortgegaan as Israel en die Suidelike ryk as Juda. Ussia was koning van Juda en Jerobeam die tweede koning van Israel. In hulle regeringtyd het daar baie godsienstige, sosiale, morele en politiese ongeregtighede plaasgevind. Dit het ook beteken dat die volk heel moontlik deelgeneem het aan die wanpraktyke. Vanuit Jesaja 6 word dit duidelik dat God regverdig is en straf wie Hy moet straf (vers 9). In hierdie hoofstuk word die oordeel van God oor ‘n volk onrein van lippe aangekondig, maar ook word God se genade en liefde geopenbaar. Jesaja het in besonder in die Suidelike ryk van Juda opgetree. Dit lei ons na die volgende drie punte toe :

1. Die heilige God roep onheilige mense.
2. Die heilige God stuur geheiligde mense.
3. Die heilige God gee genade en oordeel in regverdigheid.

**Die heilige God roep onheilige mense.**

In die gelese gedeelte word ‘n gesig wat Jesaja gesien het vir ons beskryf :

Hy sien die Here sit op ‘n hoë en verhewe troon, en hy vul die hele tempel. Hy sien hierdie troon, en op die troon sit die Here. Hierdie troon is hoog, verhewe, dit is duidelik nie enige troon waaraan Jesaja gewoond was op aarde nie, die troon was groot. Hierdie troon dui op God se groot heerskappy. Vanuit hierdie troon strek God se oordeel waarvan ons later in die teks lees. Die kleed van die Here het die hele tempel gevul. Die tempel was vol van die teenwoordigheid van die Here. Daar is ook Engele. Hulle het elkeen ses vlerke. Twee om

hulle gesig te bedek, twee om hulle voete te bedek, en twee om hulle te laat vlieg. Hulle roep mekaar toe : “Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare.”

Wat beteken dit wanneer gesê word God is heilig? Om heilig te wees beteken om afgesonder te wees. Ons sien hierdeur dat die Here heeltemal anders is as al die afgode in die wêreld. Daar is net een soos Hy. Die Here is ook afgesonder van alle sonde en onreg. Die sonde en onreg is vir God ‘n gruwel, hy haat dit, daarom distansieer die Here Homself daarvan.

God is heilig. Dit word in vers 3 baie duidelik gemaak deur die engele wat bo Hom staan. Hierin lê ‘n baie groot boodskap. Ons moet iets leer by hierdie engele wat die heiligheid een aan die ander toeroep. Hulle verkondig aan mekaar dat God heilig is, sy heiligheid moet verkondig word, in die hemel en ook op die aarde. Ons lees in Openbaring 4 van die engele wat om die troon van God is. Hulle besing ook die heiligheid van God in Openbaring 4: 8.

God se heerlikheid is Sy volle teenwoordigheid. Sy Heiligheid bedek die hele aarde. Ons lees dat wanneer die engele die heiligheid van God aanondig bewe die deurkosyne. Die drumpelposte bewe en die huis word vol rook. Hierdie rook kan daarop dui dat God Homself nie ten volle wil openbaar aan die mens nie. Hiermee wil die Here die mens se verstand voortdurend aan die dink hê. Die mens moet aanhoudend besef dat hy swak is in die sonde. Hierdeur verbind die Here ons om Hom verder te soek in die openbaring wat Hy aan ons bekend maak.

Na hierdie stem wat die kosyne laat bewe sien ons ‘n vreemde ding. Jesaja sê : Wee my, ek is verlore! Hier erken Jesaja hoe sondig hy werklik is. Hy besef hy is in die heilige teenwoordigheid van die Here terwyl hyself onheilig is.

Jesaja sê hy is ‘n man onrein van lippe, wat ook dui op sy hele wese wat sondig is. Besef jy ook jou ongeregtigheid? Erken jy ook waarlik jou sonde, jou verlorendheid? Nie een van ons kan staan in die teenwoordigheid van die Here nie. Een van die serafs volgens vers 6 kom na Jesaja toe met ‘n gloeiende kool wat hy van die altaar af opgetel het met ‘n tang, en raak die mond van die pofeet aan met die kool en sê vir hom : Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is vergewe en jou sonde versoen.

Die engel gee dadelik die betekenis van sy handeling vir Jesaja. Sy skuld is vergewe en sy sonde is versoen. Troosryke woord is dit nie? Jou skuld is vergewe en jou sonde versoen. Hierdeur word Jesaja gereinig, hy word skoongewas van sy sonde, hy word weer nuutgemaak. Jesaja staan nie onder dieselfde oordeel as die volk nie, hy word uit die oordeel wat oor die volk kom weggeneem.

Jesaja word vernuwe sodat hy sy roeping kan nakom. Maar hy word nie net gereinig nie, hy moet eers sy sonde erken, hy moet eers besef dat hy totaal en al verlore en onwaardig is om in God se teenwoordigheid te wees. Nadat die profeet besef hoe sondig hy is, en nadat hy vernuwe is vra die Here die volgende : Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?Nou, nadat

Jesaja vernuwe en sonder sonde is kan hy antwoord : hier is ek, stuur my. Jesaja is gereed om die groot roeping wat voor hom lê te gaan verkondig.

Die engel haal die kool van die altaar af. Hierdie altaar is waar die sondeoffer geoffer is in die Ou Testament, dit het ook heen gewys na Christus. Jesaja se sonde kon weggeneem word, omdat Christus, die volmaakte offerlam sou kom betaal. Christus sou ook vir Jesaja kom om aan die kruis te sê : Dit is volbring. In die grieks *Tetelestai.*. Ten volle betaal. Die Here laat die engel die kool teen Jesaja se lippe raak sodat Jesaja sekerheid kon kry dat hy ten volle gereinig is.

Broers en susters, is ons ook nog onheilige mense? Kan God ons nog stuur met ‘n seker opdrag? In ons sonde kan God ons nie stuur nie. Maar ons is nie meer onheilige mense nie, deur geloof het ons deel aan Jesus se volmaakte offer. Ons word gestuur in Christus In ons sonde is ons onheilig, maar ons sonde is ook versoen en ons skuld vergewe soos die profeet s’n.

Ons is verseker van ons reinheid. Christus het gekom. Hy het aan die kruis gely. Hy het geroep dat dit volbring is. In Christus is ons gereinig en is ons sondes van ons weggeneem. Ons het die Heilige Gees ontvang om ons te lei en leer sodat ons kan groei in ons heiligmaking. Omdat ons in Christus volkome heilig gemaak is kan ons met alle vrymoedigheid na die genadetroon van God gaan en in sy teenwoordigheid kom in gebed en so ook in die erediens. Nou kan ons ook met vrymoedigheid sê : “Stuur my Here.”

Dit alles gebeur ook met ‘n goeie rede wat ons na ons tweede punt toe bring :

**Die heilige God stuur geheiligde mense.**

Jesaja ontvang ‘n opdrag. ‘n Opdrag om God se oordeel te gaan verkondig. Hy moet na die volk toe gaan en sê : “Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van die volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie kan sien met hulle oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.” Hierdie roeping is besonders, dis eintlik vreemd, hy moet uitgaan sodat mense hulle juis nie bekeer nie. Dit is heeltemal anders as wat ons dink moet gebeur, mens verwag dat hy die Woord van die Here moet bring wat lei tot bekering. Hierdie volk moet egter onrein bly. Watter verskriklike moeilike opdrag!! Die Here het egter ‘n baie lang pad met die volk geloop, maar hulle wou nie luister nie.

Geliefdes in die Here, wat is ons opdrag? Is elkeen se opdrag dieselfde? Ja en nee. Elkeen het ‘n unieke opdrag in die omstandighede waar hy/sy is. Maar ons moet almal die Here se heiligheid en almag te verkondig. Daar in die werksplek, by die skool of ons huise moet ons gedrag, ons woorde en ons gesindheid die heiligheid van God verkondig. Daar waar jy as rekenmeester in die kantoor sit, verkondig die heiligheid van die Here deur in liefde op te tree. As onderwyser moet jy aan die kinders wys dat jy ontsag het vir die Here deur met ‘n goeie gesindheid met die Woord om te gaan.God het ons in Christus geheilig en stuur ons in

krag van sy Gees om Sy Woord uit te dra. Tog gaan dit ook oor meer as net om die Woord uit te dra. In ons werk moet ons ook as voorbeeld vir ander optree.

Dit gaan egter nie altyd maklik wees om die Woord van God te verkondig nie, om hierdie heiligheid van die Here met ander te deel nie. Ons sien in vers 9 en 10 dat die Here Jesaja waarsku dat die mense gaan sien, maar nie gaan sien nie. Die Ou Vertaling sê dat hulle nie gaan bemerk nie, m.a.w. dit gaan net by hulle verbygaan. Hulle gaan hoor, maar nie hoor nie, en hulle gaan ook nie bekeer nie. Tog moes Jesaja volhard in hierdie moeilike taak.

Broers en susters, dit is eintlik vir ons baie hartseer en onverstaanbaar. Hoe kan die Woord wat so in ‘n mens se lewe indring, net by hulle verbygaan? Hoe baie stem dit nie ooreen met wat vandag gebeur nie geliefdes? Ons verkondig die Evangelie, maar daar is baie wat nie hoor nie, hulle verstaan dit nie, hulle bekeer eenvoudig nie. Dit moet ons nie moedeloos maak nie, hier word ons ook soos Jesaja gewaarsku dat daar mense gaan wees wat hoor en tog nie hoor nie, maar dit moet ons nie moedeloos maak in ons roeping nie. Ons moet juis ywerig wees in ons roeping. Ons moet soos die profeet sê hier is ek, stuur my.

Deur Christus se lyding en die werk van die Gees is ons immers bekwaam gemaak om ons roeping ook ten volle uit te kan leef. God roep nie sondige mense en los hulle nie, Hy reinig hulle en bekwaam hulle in Christus. Hoe bekwaam God ons geliefdes? Dit het Christus gedoen toe Hy die Heilige Gees uitgestort het. Ons het die Gees ontvang wat in ons getuig sodat ons in die wêreld kan getuig. Die Gees lei ons om ons heilige roeping uit te leef.

**Die heilige God gee genade en oordeel :**

Volgens vers 11 vra Jesaja vir die Here vra hoe lank die oordeel sal aangaan. Dan kom die antwoord van God, wat ook die heilige oordeel van God is. Totdat al die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes tot ‘n wildernis. Hier sien ons dat die huise nie net leeg sal wees nie, maar dat die land leeg sal wees, dat dit verwoes sal lê. Alles is totaal en al plat gemaak, die huise is verwoes.

In vers 12 word nie iets nuut aan ons geopenbaar nie. Dit is ‘n uitbreiding op die vorige vers, ‘n verduideliking van dit wat in vers 11 gesê is. Die land sal verlate wees omdat sommige vlug, ander sal weggeneem word in gevangenisskap, ander sal weer in oorlog doodgemaak word. Hierdie oordeel is die gevolg van rebellie teen God.

In die dertiende vers vind ons hoop. Maar eers ‘n verder uitbreiding op die oordeel. As nog ‘n tiende deel daarin is sal dit wees tot verwoesting. Hierdie tiende wat oorbly sal ook weer verwoes word.

Nou ontvang ons die troos. Daar bly nog ‘n gedeelte oor, wat anders is as die vorige oorblyfsel. Soos by die terpentynboom en die eikeboom-as hulle omgekap word- ‘n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees. Hierdie gedeelte wys op die volk vandie Here, die kerk. Ons sien dit regdeur die Ou Testament dat God altyd ‘n gedeelte

oorlos. Die Here wis nooit totaal en al uit nie. Saam met God se oordeel is daar ook altyd troos. Dit kan alleen wees omdat Christus die toorn sou dra wat na regte ook oor hierdie oorblyfsel sou moes kom. Omdat Hy in volle gloed van God se toorn gestaan het. Daarom vernietig God Sy volk nie heeltemal nie.

Die hele Skrif getuig daarvan. In Openbaring word die totale oordeel van God geopenbaar, maar tog is daar altyd troos. God se uitverkore volk sal nie deel hê aan die oordeel nie. Die kerk het nie deel aan die oordeel nie. Die kerk se taak is egter om die evangelie te gaan verkondig, om in die wêreld te gaan sê : Heilig, heilig heilig is die Here. Die kerk moet haar roeping uitvoer tot op die dag wat Christus weer kom om Sy bruid, die kerk, te kom haal om vir ewig saam met Hom in die Koninkryk te regeer.

Die kerk is deur Christus gereinig. Die kerk is afgesonder vir God, om Sy heerlikheid te besing en te verkondig. God gee Sy Gees aan die kerk sodat die kerk in staat is om te kan sê : Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare. Die kerk is nie soos die volk wat deur God se oordeel getref word nie. Die kerk, ons wat hier bymekaar is, is in staat om te hoor en om te verstaan. Ons kan ons bekeer danksy die genade van God.

Ons moet hierdie groot liefde van God verkondig. In Mattheus 28:19 word die opdrag aan die kerk gegee om uit te gaan en dissipels te maak van alle nasies. Ons moet aan hulle gaan verkondig wie die Here is. Ons moet verkondig dat Hy ‘n regverdige God is, wat die sonde straf. Saam met die liefde moet ons God se oordeel verkondig, dan verkondig ons die regverdigheid van God, wat nie die sonde ongestraf laat nie. Vir die gelowige is dit waarlik goeie nuus, want sy straf is reeds gedra. Ons moet saam met die straf, ook die wonderdaad van Christus aan die kruis verkondig. Vir die ongelowige is dit egter ‘n baie groot en swaar oordeel. Ons lewe moet ook ‘n voorbeeld wees – dit is nie net die predikant se werk nie, almal moet die Woord verkondig. Ons lewe moet getuig van ons geloof in woord en in daad.

**Ten slotte** geliefdes, leef jy jou roeping uit volgens die Woord van die Here? Het jy nou weer sekerheid gekry dat jy met vrymoedigheid die Woord kan uitdra? Verkondig jou lewe ook die heiligheid van God? Gaan uit en verkondig die heiligheid van God. Laat jou lewe weerklink met die woorde Heilig, Heilig, heilig is die Here van die leërskare.

Bronne :

Bybel. 1933/1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Calvyn, J. Calvin's Commentary. Vol 13: Isaiah, Part 1. 1847 – 1850.

Hughes, R.B. & Laney, J.C. 2001. Tyndale Concise Bible commentary. Tyndale House Publishers, Inc., Weatonm Illinois, 60189.

Hill, A.E. & Walton, J.H. A survey of the Old Testament. 2009.

Keil, C.F. & Delitzsch, F. Commentary on the Old Testament. 1991. T&T Clanrk, Edinburgh.